

11 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 3 en 4

God is heilig en eenaar van alles

In Numeri 1:49 het die Here vir Moses gesê dat die stam Levi nie by die volk getel moet word nie. Die Here het hulle geheel en al vir Hom afgesonder. Die twee seuns van Josef, Efraim en Manasse wat halwe stamme was, is as twee stamme getel. Ons Skrifgedeelte handel verder oor die Leviëte.

Trek drie sirkels op papier. Skryf in die middelste sirkel tabernakel van God. Skryf in die tweede sirkel reg rondom die tabernakel Leviëte. In die buitenste sirkel kom die twaalf stamme se name. Jy sien dat die Leviëte 'n simboliese buffer vorm tussen die volk en God.

Die Leviëte het só die heiligheid van God uitgebeeld. Hulle moes daagliks versoening vir hul eie sondes en dié van die volk doen. So leer ons die Here ken as 'n heilige God wat in heiligheid aanbid wil word. Ons kan ook nie vandag tot God nader sonder Jesus Christus, ons Middelaar, nie.

Die Leviëte het nog 'n belangrike rol vervul. Hulle was plaasvervangers vir al die eersgeborenes. Die eersgeborenes, asook die eerstelinge van die vee en graan moes aan die Here afgestaan word. Só is gesimboliseer dat mens, vee en dier, ja alles aan die Here behoort. Daar was twee honderd drie en sewentig meer eersgeborenes as Leviëte. Hierdie mense is losgekoop vir vyf silwerstukke elk.

Leef ons met ons gawes, tyd en energie werklik so dat die Here kan sien dat ons aan Hom en sy ryk behoort?

Sing: Psalm 107:10

Dr NP Heystek (Wapadrant)